

# Waarom Nie Beter Musiek In Ons Bioskope Nie?

**H**IERDIE artikeltjie is nie oor die musiek in films nie, maar oor die musiek in ons bioskope. Eintlik moes ek sê die „on-musiek” in ons bioskope, of die „onmusikaliteit van ons bioskoopbesture.”

In al die bioskope van ons land word vóór die voorstelling en gedurende die pouse musiek gespeel en in sommige bioskope word ook gedurende die voorstelling nog wel 'n musiektussenspel gelewer — hetsy op die orrel, hetsy met 'n orkessie, hetsy met plate en 'n besonder suiwere elektro-grammofoon. Eerlik gesê het die ondervinding my geleer dat die laasgenoemde metode die mees bevredigende is, want die bestuurders kies meestal een of ander klassieke stuk van die ligtere soort, waarvan daar op grammofoonplate 'n eindelose sortering verkrybaar is, al sou ons radio-programme mens dikwels tot 'n ander mening lei.

In Europa gee hulle in die bioskope ook musiek, maar daar is dit werklik *musiek!* Die voormusiek mag wel ligte dansmusiek bevat, maar as daar 'n tussenspel is, dan bestaan dit uit goeie musiek en as daar geen tussenspel is nie, word die plek daarvan deur die pouse-musiek ingeneem. Hulle het in Europa lankal uitgevind dat die groot klassieke komponiste almal musiek geskryf het wat selfs vir mense wat niks van musiek weet nie, 'n onweerstaanbare aantrekkingskrag het — musiek soos sommige van die bewegings uit Mozart se simfonieë en kamermusiekwerke en sommige van Beethoven se stadiger bewegings, musiek van Liszt (behalwe die platgetrapte Hongaarse Rhapsodie No. 2), van Brahms, Schumann, Chopin, Berlioz, Wagner, om maar 'n paar voorbeelde te noem. Al hierdie komponiste en tientalle ander het selfs in hul swaarste werke stukke geskryf wat suiwer melodius, uiters aantreklik en tegeykertyd musikaal is en wat die publiek sou leer om bekend te raak met hul werke, sodat die bioskooppubliek sy vrees vir betere musiek vanself verloor. Die bioskope in Europa, en veral in Holland, Skandinavië en Duitsland, doen goeie werk in hierdie opsig en het gemaak dat Beethoven vir die algemene publiek nie meer die naam is van 'n komponis wie se musiek bo die gemiddelde mens se vuurmaakplek gaan nie, maar iemand wie se werk met eerbied dog sonder vrees bejeen moet word.

Vergelyk hiermee die toestand in ons land. Op die orrels word, indien moontlik, nog ergere musikale gemors gespeel as op die grammofoons van die orrellose bioskope. Dis regtig wonderbaarlik hoe onmusikaal die orrelleste in ons bioskope kan wees en watter volkome gebrek aan insig in ons volksgees hulle het. Onlangs was ek op 'n Saterdagavond in 'n bioskoop waarin die klompie agter op die balkon net lekker jolig was en van harte saamgesing het met die liedjies wat die bestuurder hulle gevra het om te sing. Ek gee hulle 'n pluimpie hiervoor, want om een of ander rede het die orrelleste dit nodig bevind om sulke snaakse tierlantyntjies en sulke onmoontlike ritmiese figure in sy spel in te wewe, dat mens regtig dikwels gewonder het waar hy nou eintlik was en dat almal veels te langzaam moes sing om hom kans te gee om by te bly. Maar afgesien hiervan: Die liedjies was (natuurlik) almal Engels of Amerikaans (ander musiek bestaan daar vir die orrelleste nie!) en 'n Afrikaanse gehoor waarvan 99 persent nog nooit vir Londen gesien het nie en ook nie veel verlange koester om met Londen se mis kennis te maak nie, is gevra om saam te sing in die liedjies, „Bring me back to Good old London Town.” Die gevolg was 'n amper pynlike stilte, want toe die groot meerderheid nie lus voel om saam te sing nie en

deur

**Dr. Hans Rompel**

buitendien wysie nóg woorde geken het, het die paar wat daar wel mee bekend was, natuurlik nie durf sing nie. Daarop het, nog verstandiger, 'n liedjie gevolg oor „going to fight for the dear old country,” 'n liedjie wat amper niemand in die gehoor geken het en waarmee die galerygroep seer begryplik nie veel simpatie gehad het nie. Mens wonder of die bestuurder uit die doodse stilte, gevolg deur geanimeerde geselsery en luidkeelse maar sarkastiese hoerageroep, sy les vir die toekoms geleer het. Ons ondervinding van bestuurders en hul orrelleste lei ons daartoe om dit te betwyfel.

Totaal afgesien van dergelike stommeite, is dit egter nog merkwaardig hoeveel „onmusikaliteit” in die musiek van ons bioskope ingevoer word. Sinkopasiemusiek is enige tyd beter as party van die vreeslike „nommers” wat met graaf en pik uitgedelf word uit die stofhope waaronder dit jare lank veilig begrawe gelê het. 'n Mens sou sweer dat daar geen geskikte musiek vir die doel bestaan nie, aangesien die tussenspele altyd om dieselfde spil draai van liedjies uit die verre verlede of minder lank gelede of verlede jaar of die hemel weet wanneer. Die meeste van die goed

GARY COOPER



moes nooit geskrywe gewees het nie! Teen die speel van ligte musiek is geen enkele beswaar nie — maar wel

teen die speel van *slegte* ligte musiek. As die mense dan hul vreeslikste restaurantmusiek moet hê (wat ek, uit lang ondervinding, sterk betwyfel), dan kan hulle dit af en toe kry, maar daar is so baie beter musiek om te speel en dit is ook nie nodig om altyd en ewig by dieselfde stukke te bly nie. Ek kan ons orrelleste — en wat dit betref, die bioskoop-orkeste ook — die versekering gee dat daar nog baie ander musiek is wat die publiek sal geniet, behalwe Liszt se Tweede Hongaarse Rhapsodie en Liebestraum No. 3, Sinding se „Frühlingsrauschen,” Strauss se „Blauwe Donau,” Lincke se „Nola,” en ander soortgelyke stukke wat die bioskoop se idee van wat die „klassieke musiek” is, skyn te verteenwoordig. Ek is selfs bereid om enige bioskoopbestuur te voorsien van 'n lys van aantreklike, melodieuse musieknommers uit die werklike klassieke, wat hulle 'n hele tydjie langer besig sou hou as wat hulle dink: en dit sonder om te raak aan die opera's, wat tog ook so baie aantreklike musiek bevat sonder dat 'n mens gedwing word om te verval tot die ewige „Paljas-A-Ria” en die soldatekoor uit „Faust.” Hierdie is die ergste beswaar teen ons bioskoop-orkelste en dirigente — die volkome gebrek aan oorspronklikheid en algemene musiekkennis: hulle ken minder musiek as die gemiddelde beginnende grammofonist — of tenminste hul uitvoerings gee daardie indruk. En hulle doen nie die minste moeite om gebruik te maak van hul pragtige kans om die publiek iets te laat hoor wat tog die moeite werd is nie. Miskien dink hulle dat die publiek nooit iets beters wil hoor nie, maar as hulle die opmerkings kon hoor wat somtyds deur daardie selfde publiek oor hulle gemaak word, sou hulle miskien tot 'n ander insig kom. Niemand eis dat die bioskoop-tussenspele tot miniatuur-simfoniekonserte moet word nie, maar hulle moet ook nie die kinderagtige knoeipartye bly wat hulle nou is nie — en daarmee sê ek nog maar niks van die grof-onmusikale spel wat gewoonlik gelewer word!

## Gary Cooper, 'n Ster Wat Deur Volharding Oorwin Het

**H**ARDE werk, onverbiddelelike selfkritiek, deeglike skoling en noukeurige-ontworpe „opbou,” het Gary se beperkte natuurlike aanleg gemaak tot wat ons vandag sien in prente soos *The Plainsman*, *Desire* en *Mr. Deeds Goes to Town*. Gary is geen geniale akteur wat deur pure talent geword het wat hy vandag is nie: Sy natuurlike aanleg is waarskynlik nie besonderlik groot nie, en tog is hy vandag nie alleen een van Hollywood se populêrste spelers nie, maar een van die beste. Hy is 'n skitterende voorbeeld van wat die Hollywoodse metode kan bereik wanneer dit goed en standvastig deurgevoer word.

Gary het sy loopbaan begin as Cowboy in „Wildwest”-films — 'n rol wat hom nie alte vreemd geval het nie, aangesien hy self 'n oud-Cowboy uit Montana is. Jare lank het hy nie besonderlik uitgeblyk nie, totdat *The Winning of Barbara Worth* die aandag op hom gevestig het. Paramount het die oog op hom gekry en het hom rolle begin gee in ernstiger prente as dié uit die „wilde weste.” Stadig maar seker is hy opgebou tot ster en in sy geval het die publisiteitsopbou eendelik tred gehou met dié van die toneelskool. Gary het egter eers in die volle lig van die publisiteit gekom toe hy teenoor Marlene Dietrich opgetree het in haar eerste prent, *Morocco*. Hy het in daardie prent spel gelewer wat vergeleke met die Gary van vandag, maar baie grof en ondiep was, maar hy het tog, ten spyte van die aanwesigheid van die uitnemende Dietrich, daarin geslaag om die aandag op homself te vestig. Daarna het hy vinnig gevorder. *City Streets*, met Sylvia Sidney teenoor hom, het al 'n natuurliker, mensliker Gary getoon en 'n sluimerende gevoel vir humor is deur Lubitsch in *Design for*

*Living* in hom wakker gemaak. Stadig het Gary se spel dieper en opregter geword en met sy toenemende menskekennis het sy vertolkings ook steeds meer karakter begin toon. Sy tipiese handgroot het saam met hom gegroei van 'n gewone aanwensel tot 'n beweging vol intense, gekonsentreerde uitdrukkingsvermoë: dit vorm 'n pragtige toets van Gary se ontwikkeling om hierdie groot te volg van sy eerste verskyning as spottende „jy traak my niks meer nie” in *Morocco* tot die diep-droewige, pateties-eensame gebaar aan die slot van *Wedding Night*.

*Farewell to Arms* het vir die eerste maal getoon watter dieptes van tragiek Gary werklik kon bereik. En dan volg vinnig opmekaar die fyn-aangevoelde skrywersrol in *The Wedding Night*, met sy tragiek en sy idilliese liefde; die heerlike Europese humor van *Desire* (weer teenoor Dietrich!); die tipiese-Amerikaanse verspoetheid van Capra se *Mr. Deeds Goes to Town* en die kragtige „Wild Bill Hitchcock” van *The Plainsman*. Tussenin kom daar dan 'n paar avontuurfilms van Gary se vroeëre gehalte — prente wat hy speel sonder enige moeite, bywyse van verposing: *Lives of a Bengal Lancer*, *The General Died at Dawn*, ens. Tydvullers sonder enige blywende betekenis.

Gary se spel berus op die suiwere uitdrukking van twee verskillende kante van sy eie persoonlikheid. Hy is enigins 'n tipe-speler, maar het groot diepte, absolute suiwerheid en sterke opregtheid bereik. Ligte spot, 'n vaste, suiwere menslikheid wat selfs in die mees fantastiese omstandighede nog sy houvas op die werklikheid weet te behou, en 'n gevoel vir humor wat hom beveilig teen enige spoor van sentimentaliteit — dit is vandag die mees karakteristieke eienskappe van Gary Cooper as filmster.

Dokter: „Het jy my raad gevolg om 'n uur voor ontbyt warm koffie te drink?”

Pasiënt: „Ek het my uiterste probeer, dokter, maar ek kon nie langer as vyftien minute aanhou nie.”